

Daar is net rus in God

Uit Hebreërs 3 en 4 en Ps. 95.

Wat is dit wat jou bang maak? Bekommerd? Depressief? Watter probleem het jy wat onoplosbaar lyk?

God wil ons rus gee. Hebreërs hoofstukke 3 en 4 het hierdie tema: **Ag, as julle maar in die rus van God wil ingaan!** Die boodskap is eenvoudig om te verstaan - en tog moeilik vir baie om uit te leef: Vandag, as julle die Woord van God hoor en dit glo, sal julle in sy rus, ingaan.

Om die groot rus van God te vind, moet ons weet wat Hy vir ons in sy Woord sê, glo wat God vir ons sê en met oortuiging op die pad gaan, wat Hy aanwys. Ons moet die beloftes aanvaar wat Hy maak. So sal ons in sy wil en plan ons rus vind!

Hebreërs 3 en 4 verwys na Ps 95, wat kommentaar lewer op die weiering van Israel om Kanaän in te trek, omdat 10 uit die 12 verspieders gesê het dat dit onmoontlik is om die Here se beloofde land in te neem. *Die meeste Israeliëte glo nie dat God die land van rus en voorspoed aan hulle kan gee nie. Die gevolg is dat hulle vir 40 jaar in die woestyn moet rondtrek, totdat elke enkele ongelowige dood is!*

Eers as ons glo dat die mag en die kragbron van God onbeperk is, kan ons in sy rus ingaan! As ons gewillig is om op Hom te hoop! As ons sy Woord en beloftes ken, aanvaar en Hom glo oor sy liefde en gewilligheid om te help.

Ons het groter wonderwerke gesien as Israel:

- God wat mens word in Jesus Christus.
- Jesus wat sy lewe gee vir die mense wat Hy liefhet.
- Jesus wat leef en die dood, sonde en hel vir ons oorwin het.
- Christus met alle mag in die hemel en op die aarde aan die regterhand van die Vader!
- Die kerk van Christus wat met sy Gees gedoop.

Sal ons ten spyte van dit alles nie glo dat die Here kan of wil help nie? Mag mens sê my uitdagings is vir God te groot! Sal ons weier om in God te rus, ten spyte van wat ons ervaar en sien?

Onthou sy wonderdade, glo sy Woord en beloftes, maak sy beloftes op jou persoonlik van toepassing.

Jesus sê: Kom na My toe, almal wat moeg en oorlaai is - en Ek sal jou rus gee.